Ds. PJ Kriel Nagmaal 25.02.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe die Here deur ons die ewige lewe te gee, bevry het van die magsbeelde van die goddelose wêreld. Ons dien god as Een en Neig en respekteer ons naaste soos onsself. Ons respekteer nie alle gode en gee so absolute mag aan mense in ons lewe nie.

Skriflesing Daniël 3; 1 Korintiërs 10: 14 – 22.

Teks 1 Kor. 10: 16, 17: "Die beker van danksegging, waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie."

Tema Christus bevry ons van alle magsbeelde om net God te vereer en dien.

1. Die Israeliete is in ballingskap weggevoer, hulle land en tempel is verwoes en hulle begaafde jongmense het staatsdiensamptenare van Babel geword. Die saak wat op die spits gedryf word met die beeld wat Nebukadneser oprig om vereer te word deur al die staatsamptenare, is die absolute of totalitêre mag van die koning teenoor die magteloosheid van gode.

Die beeld is 'n magsbeeld. Dit word spesifiek nie as 'n afgodsbeeld of uitbeelding van die koning genoem nie, om te beklemtoon dit is 'n beeld wat met sy grote en glans die absolute mag van die koning vertoon. Dit is die bedoeling van sy wet dat alle staatsamptenare die beeld moet vereer.

Met hierdie magsbeeld probeer Nebukadneser sy staatsmag konsolideer. Alle staatsamptenare, politieke leiers, regters en administrateurs moet hulle deur die verering van die magsbeeld aan die totalitêre mag van die koning onderwerp. Dit is die bedoeling van die onthulling van die magsbeeld: dit is 'n wydingsgeleentheid.

Egter, in plaas daarvan dat dit Nebukadneser se absolute mag konsolideer, bring hierdie dwang tot verering toe juis verdeeldheid in die staatsdiens. Die Babiloniërs is gegrief dat 3 Jode nie die beeld vereer het soos hulle almal moes gedoen het nie. Die klagte is tweërlei – dit eerste is godsdienstige oneerbiedigheid, want hulle wil nie die gode van Babel dien nie, en die tweede is dat hulle nie deur die beeld te vereer die absolute mag van die koning aanvaar nie.

Hiermee is die verskil tussen die absolute verering van die staat en staatshoof teenoor die algehele toewyding net aan God met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte op die spits gedryf – die keuse na die een of die ander kant toe nie kan meer ontwyk word nie.

2. Die twee dele van die klagte teen die 3 gelowiges wys hoe absolute staatsmag geskep word: om die magsbeeld van die staat te vereer en om gode te dien. Dit gaan spesifiek oor die gebod in die Tien Gebooie "Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie." (Ex.20: 5)

Die verering van die menslike magsbeeld beteken jy moet die koning liefhê met jou hele hart, siel en verstand en al jou kragte. Gode dien beteken dat elkeen nou sy eie god kan maak en homself met God kan identifiseer op sy eie manier. Dit is die

verdraaiing van die wet van God: die staatshoof word nou met mense se hele hart, siel, verstand en alle kragte gedien en gode word gedien – net soos jy jouself liefhet. Die wyse waarop absolute staatsmag geskep word, is deur die respek vir alle gode. Wanneer mense God lief het soos hulle self, identifiseer hulle hulself met God, en dan beleef en ervaar elkeen sy god as sy naaste. Maar daarmee skep hulle die magsvakuum – wie moet nou met jou hele hart, siel, verstand en alle kragte gedien word, as dit nie meer God nie? En dit is dan die staat en staatshoof wat hierdie magsvakuum opeis. ‘n Magsvakuum wat mense skep deur elkeen God soos sy naaste lief te hê. Die respek vir alle gode is hoe mense absolute menslike mag skep.

Deur respek vir alle gode te hê, is daar nie meer net Een en Enige God wat vereer en gedien word nie. Wanneer mense die Een en Enige God liefhet met hulle hele hart, siel, verstand en al hul kragte, sal hulle nie buig voor die magsbeelde van mense nie.

Met sy magsbeeld vertoon Nebukadneser wie glo hy het regte mag en wie is magteloos teenoor die regte mag. In Daniël 3: 15 stel hy dit só: “Maar as julle nie eer betoon nie (aan my magsbeeld), sal julle dadelik binne-in die vlammende vuuroond gegooi word. Wie is die god wat julle dan uit my hand sal red?

Hiermee demonstreer Nebukadneser dat hy nie teenoor gode nie, maar gode teenoor hom aanspreeklik is. Nebukadneser kriminaliseer die algehele toewyding aan God binne die gemeenskap. Die aanbidding van een Here en verwerping van alle ander gode as afgode is nou binne die gemeenskap krimineel want dit ondermyn die absolute mag van die staat en staatshoof.

3. Sadrag, Mesag en Abednego word deur die koning voor ‘n ultimatum: of glo in die absolute mag van die staat en die magteloosheid van gode, verwerp die aanbidding van net Een God met jou hele hart, siel, bestand en al jou krag, of die staat sal jou in ‘n openbare skouspel van sy totalitêre mag vernietig.

Hulle antwoord aan die koning is besonders: “Ons het nie nodig om oor hierdie saak aan U antwoord te gee nie.” 3:16 Hiermee ontken hulle die reg van owerheid om so ultimatum aan hulle te stel en hul geloof in God te kriminaliseer. Hulle voer ook nie met die koning ‘n strydgesprek of verdedig hulle godsdienstige reg nie. Hulle doen ‘n geloofsbelydenis teenoor die koning: god is nie die magtelose afgod wat die koning Hom maak nie en sal hulle uit sy mag red as dit sy wil is. Dit doen hulle met die geloof dat God geen verpligting het om hulle uit die koning se mag te red nie.

Verder verwerp hulle die gelykheid van gode wat die owerheid afdwing. Hulle verwerp ook die koning se bevel om hom te vereer en alle gode te erken. Hiermee kies hulle eerder die koning se straf as om te erken dat God net nog ‘n magtelose afgod is. Aan die einde is dit ironies genoeg die koning wat hulle eer dat hulle nie sy wet gehoorsaam het nie. Hulle het hul algehele liefde vir God behou  en die koning as hul gelyke voor die wet van God erken. Hulle eer die koning vir sy gesag maar verwerp die verering van sy magsbeeld.

Sadrag, Mesag en Abednego spring nie vrolik in die buur as demonstrasie van hulle eie geestelikheid nie. Hulle word met geweld ingegooi. En dan doen God die wonder – hy red hulle uit die vernietiging van die vuuroond. God is self met hulle binne die

bedoelde vernietiging deur die owerheid en beskerm en bewaar hulle binne die vuuroond.
Die effek van God se almagtige sorg van sy dienaars op die koning is dat hy net weer God as nog ‘n god sien – maar nou as die unieke God wat anders as die ander afgode nie magteloos is om sy dienaars uit die mag van die koning te red nie. 3:28 God word nog steeds nie as die Een en Enige God erken nie, maar die owerheid maak spesiale vergunning vir die verering van God as uniek. So gee Nebukadneser nie sy absolute mag teenoor God prys nie, maar erken Hy is ‘n unieke afgod.

4. Ons in Suid Afrika is al hoe meer besig om in ‘n posisie soortgelyk as die van Sadrag, Mesag en Abednego in te beweeg – die opbou tot absolute staatsmag. Die owerheid werk al meer met die houding dat alle godsdienste gerespekteer moet word. Dit is iets anders as die wetlike vryheid dat elke godsdiens die reg het op die vrye beoefening van sy godsdiens. Om alle godsdienste se reg tot vrye godsdiensbeoefening te erken, beteken nie om hulle godsdiens as godsdiens te respekteer nie. Mense het die reg om simpel te wees. Hier gaan dit oor die houding dat alle mense dieselfde God net op ander maniere aanbid en dat jy jou manier waarop jy God aanbid nie as die enigste manier waarop God aanbid kan word, mag glo of voorhou nie.

Hiermee is die geloof in die Een en Enigste God wat nie maar net vereer kan word soos mense voel en dink nie, maar net aanbid kan word soos die Een en Enigste God dit eis, in beginsel reeds gekriminaliseer. Die geloof in die Een en Enigste God wat net aanbid mag word soos Hy dit in die Woord openbaar, is reeds ‘n openbare aanstoot en daarmee is die weg geopen om die afwys van alle ander godsdienste as afgodsdienste, as haatspraak volgens die landswet te veroordeel.

Hiermee eis die owerheid ‘n nuwe posisie vir die staat op – die owerheid moet jy vereer met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte en God kan jy soos jy voel, dink en beleef vereer net soos jouself. Dit is die aanslag wat in die Bela-wetgewing van die owerheid nou gevestig word – ons kinders behoort aan die staat.

Wie help die owerheid om hierdie totale aanspraak op mag te help opbou?

Dit is die geestelike groepe en kerke wat die gesamentlike aanbidding van God deur alle godsdienste in een en dieselfde erediens beoefen en propageer. Hierdie drif is ook nou in die NG Kerk se teologiese opleiding, vergadering en eredienste. Die drif van hierdie gesamentlike aanbidding is om van die Een en Enigste God net een van al die gode te maak sodat die staat die posisie van absolute mag oor alles en almal kry. Deur gesamentlike aanbidding word alle gode gedien en voor die magsbeelde van die staat, die magsbeeld van Nebukadneser, in verering gebuig.

5. Die geestelikes van hierdie wêreld is altyd besig om lewe in die magsbeelde van die totalitêre magte in te blaas. “aan hom is die vermoë gegee om asem in die beeld van die dier te blaas, sodat die dier kon praat, en om almal wat nie die beeld van die dier aanbid nie, dood te maak.” (Openbaring 13: 15) Die apostel Johannes sien die staat en regeerder wat absolute mag oor alles en almal wil hê as die dier uit die see (Open. 13: 1- 10) en die geestelike kultusse wat hierdie mag lewend maak deur van God net nog ‘n afgod te maak, as die dier uit die aarde. (Open. 13: 11 – 18)

Die wonderwerk waarmee die Here Jesus Christus ons van die verering van mense se magsbeeld en die dien van afgode bevry, is ons opstanding as lewende mense van vleis en bloed uit die dood. Want die enigste werklike mag van ‘n totalitêre owerheid, is om mense wat nie voor hulle magsbeelde buig te vernietig en dood te maak. Om hulle met ‘n magsvertoon in die vuuroonde van hierdie magtiges te gooi soos Nebukadneser.

Die Nagmaal is die teken waarmee ons die Here se oorwinning oor hierdie magte vier. Die dier uit die see, Pilatus en die Romeinse ryk en die dier uit die aarde, die Fariseërs, Sadduseërs en priesters kon Hom nie in hulle vuuroond, die kruis, vernietig nie. Hy het weer as mens uit die dood uit opgestaan om Homself met sy kerk te deel. So is die Nagmaal die teken van die heerskappy van die Een en Enigste Here en God, en is dit soos Paulus aan die gemeente Korinthe uitwys, nie net nog ‘n spirituele fees soos al die afgodsdienste se spirituele feeste nie.

Die Nagmaal is nie ons offer- en magsfees waar ons eers ons self aan die Here oorgee in selfopoffering en Hom dan toelaat om sy goddelikheid deur ons te kom leef nie. Dit is nie ‘n teken dat ons tot oorgawe kom sodat ons lewe in God in blaas nie. Dit is die teken dat God self vir ons die offer vir ons sonde was sodat ons in God se liefde kan leef en so die Here Jesus alleen met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte kan lief hê. Niemand anders nie! Die Nagmaal wys ons ons deel in die menswees van die Here vandag wat uit die dood uit opgestaan het en mens in die hemel is. Ons deel nie in God se goddelike lewe, krag, mag en outoriteit nie. Ons gemeenskap met die opgestane Here Jesus se liggaam en bloed, sy menswees vandag, bevry ons daarvan om lewe in gods- en magsbeelde in te blaas deur die gode van die wêreld in en deur ons te laat leef. Die Here leef as mens en God, en ons het net Hom as die Een en Enigste God vir ewig lief.

6. Die Nagmaal is die teken waardeur die Here vir ons verseker Hy sal vir ons hierdie wonder doen – Hy sal ons uit die dood laat opstaan om soos Hy mens van vleis en bloed te wees en so vir ewig met God in sy liefde te leef. Hierdeur breek die Here ook die mag van absolute heersers en regerings: die dood as die mag om mense aan hulle magsbeelde te onderwerp en alle gode te dien. Christene sien nie meer die dood as die mag waardeur vorste hulle tot niks maak nie.

Deur Christus se wonderwerk van die opstanding uit die dood uit, is ons mense wat die owerheid eer as ons naaste en soos ons naaste. Ons luister na hulle wette maar ons buig nooit voor hulle magsbeelde nie.

Ons buig nooit voor die nuwe magsbeeld “Afrika” nie. Ons onderwerp ons nie en maak onsself nooit gedienstig aan hierdie magsbeeld nie. Dit terwyl ons in Afrika as kontinent leef en elke mens as ons naaste respekteer. Ons bly gehoorsaam aan die wette van die land maar vereer en volg nie die magsvisie en missie – “ Afrika” nie.

Ons buig ook nie in verering voor die magsbeeld “ Die Afrikaner” nie. Ons is Afrikaners, ons leef Afrikaans, ondersteun, versorg help en beskerm mekaar as ‘n Afrikaanse gemeenskap, maar ons vereer en dien nie die magsvisie en missie - “ die Afrikaner” nie.

Ons buig ook nie in verering voor die magsbeeld van liberalisme nie. Ons respekteer elke naaste se individualiteit maar is nie gedienstig en onderworpe aan die magsbeeld van die absolute vryheid van die individue nie.
Nog minder buig ons in verering voor die magsbeeld van sosialisme. Ons is nie onderworpe en gedienstig aan die magsbeeld van die “ wil van die massa” nie. Ons respekteer en is diensbaar in alle gemeenskappe en aan gemeenskaplike belange maar gee ons nie willoos oor aan die absolute mag of onderwerp ons nie aan die gewelddadigheid van die massa nie.

Dit doen ons met die sekerheid dat wanneer hulle ons in hulle vuuroonde gooi om ons demonstratief aan hulle magsbeelde te onderwerp – God met ons in sy liefde is en ons met die wonder van die opstanding uit die dood deel van sy ewige koninkryk sal maak.

Die Nagmaal versterk ons in ons geloof in hierdie wonder wat God vir ons sal bewerk – daarom ons vereer en dien net Een en Enige Here met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag en respekteer alle mense as ons naaste. “Daarom spoor ek julle aan ... om so te leef dat julle die roeping waarmee julle geroep is, waardig is: ... een liggaam en een Gees soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is. (Efe. 4: 4 – 6)

Ons buig nie in verering voor mense se magsbeelde van hulself of maak God net nog een van mense se afgode nie.